# VERSORG DIE SENIORS WAT SWAARKRY

*Sorg mekaar - 1 Kor 12.25  Bemoedig mekaar - Heb 10:24*

*Troos mekaar - 1 Thes 4:18, 2 Kor 1:4-10  Vergewe mekaar - Kol 3:13, 1 Petr 5:5*

*Aanvaar mekaar - Rom15:7, 14:1  Liefde vir mekaar - Joh 13:34, 35*

*Dien mekaar - Gal 5:13, 1 Pet 5:5  Bid vir mekaar - 1 Thes 5:16*

*Dra mekaar se laste – Kol 3:13  Bid vir mekaar - Jak 5:16*

*Veejay Menon skryf nav hierdie teksverse:* Versorging van dié wat swaarkry is 'n belangrike verpligting van nié net die kerk nie, maar ook van die individuele Christen.

Alhoewel ons as Christene gered is uit genade deur geloof, leer Efes 2:10 dat ons geskape is in Christus Jesus vir goeie werke wat God vooraf vir ons voorberei het. **Ons is die liggaam van Christus en wanneer een deel ly, ly almal.**

**Die eerste belangrike taak is om te bid vir dié wat ly, asook vir die familie om sodoende hul geloof te versterk.**

Die meeste mense wat swaarkry, het nie goeie advies nodig nie, maar 'n skouer om op te huil, iemand wie na hul kan luister, wie kan deel in hul swaarkry en wie hulle kan versterk.

Ons hoef nie 'n opgeleide terapeut te wees nie, maar net om daar te wees, om te ondersteun en te deel in hul swaarkry. Hul mag dalk praktiese hulp nodig hê, asook dat ons hul help om op God se soewereiniteit en Sy kennis te vertrou.

**As Christene kan ons hulle ondersteun en vertroos** in hul tyd van hartseer en rou omdat ons 'n Verlosser het wat vir ons gesterf het en vir wie ons kosbaar is. Hy het Sy Heilige Gees aan ons gegee om ons te troos en ander in hulle diepste nood by te staan.

Ons moet dié wat ly help om op God en Sy beloftes te vertrou en krag uit Sy liefde te put.

So kan ons hulle help om te besef God kry saam met hulle swaar en ook om na die lewe te kyk met 'n ewigheidsperspektief.

***Mag ons tyd maak om almal wat swaarkry, veral seniors, by te staan en te onderskraag.***

***Groete***
***1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God Drie-enig***



Maandblad
NG Rietfontein-Suid
Die Rietfluit
Christus alles in elkeen!
OKTOBER 2013

## WIE IS IN BEHEER VAN JOU VERHOUDINGE

Kom ons wees maar baie eerlik dat ons almal sukkel met verhoudinge. Verhoudinge op verskeie terreine byvoorbeeld huwelik, gesin, vriende, werk, kerk, op pad en sommer oral, gee vir ons soms kopseer of selfs hartseer. Dit is verseker nie soos God dit bedoel het nie en verseker nie hoe ons as Sy kinders dit graag wil hê nie.

Kan ons iets hieraan doen ? Indien wel wat kan ons doen om dit beter te maak ?

Die plek om te begin om verhoudinge beter te maak is natuurlik nie by ander nie. Sou die wêreld nie hemels gewees het as ander presies so sou opgetree het soos ons graag wil hê nie. Ons het ook nie volle beheer oor ons omstandighede nie, want ons leef in 'n gebroke wêreld. Dit is gewaarborg dat dinge dikwels sal anders verloop as wat ons wil hê. Om op ander se gedrag te fokus vermors ons net ons energie. Jy en ek het nie beheer oor ander nie. Daarom is die beste manier om verhoudinge beter te maak om jou fokus te verskuif weg van ander.

Een van die grootste fokusverskuiwings wat alles beter kan maak in ons verhoudinge is:

***Neem beheer van jou gedagtes, emosies en optrede***

Moenie jou tyd mors om ander te probeer beheer of verander nie, want jy kan nie. Jy het net beheer oor hoe *jy* optree. Daarom moet ons ophou om heeltyd te dink hoe iemand anders ons behandel of teenoor ons optree bv. as hy/sy net dit of dat wil anders doen, of die of daardie persoon dit of dat nie sou sê nie.... Jy kan nie ander verander nie, maar jy kan verander hoe *jy* op ander se gedrag reageer.

As jy jou gedrag wil beheer moet jy jou *emosies* beheer. Kan 'n mens jou emosies beheer? Ja! indirek. Jou emosies wys net wat jy dink. Emosies is die radar wat wys wat in jou kop aangaan. Om jou emosies te verander moet jou denke verander. Daarom dat Paulus dit so belangrik ag wat in ons koppe aangaan: *Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig..... Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak 2 Kor 10:4,5.*




Do not be conformed to this world, but be transformed by the renewal of your mind. Ro 12:2

*Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle, julle gedagtes rig (Fil 4:8).*

Wanneer ons ons gedagtes en emosies verander, verander wat in ons liggaam en optrede gebeur ook!

GEDAGTES → EMOSIES → LIGGAAM EN LEWE

Natuurlik kan ons dit net regkry omdat die Heilige Gees in ons woon en werk met Sy krag! Daarom dat ons in 2 Tim 1:7 lees:

*Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.*

Jy kan beter verhoudinge hê deur (met die krag van die Heilige Gees) beheer te neem van jou denke, emosies en optrede.

Alles begin by jou en my!

*ds Leon van Heerden*

## !! ONTHOU DATUMS !!

- **1 Okt:** Skole open
- **4 - 6 Okt:** Gemeentekamp
- **13 Okt:** Aandnagmaal
- **27 Okt:** Doop

**Sien jou daar!**





**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze by 072 111 3100 of ilzedples@gmail.com




# Taakspan vir Omgeegroepe

***OMGEEgroepe*** speel elke jaar 'n prominente rol om 'n bydrae te lewer om van die Karnaval 'n sukses te maak. Verskeie stalletjies word deur die omgeegroepleiers en lede beman.

Die spanwerk wat altyd hiermee gepaardgaan is 'n VREUGDE om te bel-eef! Die samewerking en vriendelikheid FANTASTIES!!

Nie net weet die *OMGEEgroepe* hoe om hard te werk nie, maar hulle kan net so heerlik PRET hê!!!

*Hartlike dank aan ieder en elk van ons Omgeegroepe wat bereid was om 'n verskil te maak en dit boonop met soveel entoesiasme en sukses gedoen het!!*



***ONS SIEN UIT NA VOLGENDE JAAR!!!!***

***Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:***

***Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591***

### Kombadja-projek - "Rys vir arm oumense"

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas /ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema

NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om

## KARWAS




**<u>Elke eerste Saterdag</u> van die maand**


**<u>Waar ?</u>** Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

**<u>Pryse</u>**: was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

**<u>Tyd</u>: 9:00-12:00**

Om vir werkloses geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld

## ***<u>The last wishes of Alexander the Great</u>***



On his death bed, Alexander summoned his generals and told them his three last wishes:

- The best doctors should carry his coffin;
- The wealth he has accumulated (money, gold, precious stones) should be scattered along the procession to the cemetery, and
- His hands should be let loose, hanging outside the coffin for all to see.

One of his generals who was surprised by these unusual requests asked Alexander to explain.

Here is what Alexander the Great had to say:

- I want the best doctors to carry my coffin to demonstrate that, in the face of death, even the best doctors in the world have no power to heal
- I want the road to be covered with my treasure so that everybody sees that material wealth acquired on earth, stays on earth
- I want my hands to swing in the wind, so that people understand that we come to this world empty handed and we leave this world empty handed after the most precious treasure of all is exhausted, and that is TIME.

**TIME is our most precious treasure because it is LIMITED. We can produce more wealth, but we cannot produce more time.**

When we give someone our time, we actually give a portion of our life that we will never take back.

Our time is our life.

May God grant you plenty of TIME and may you have the wisdom to give it away.



# Taakspan vir Seniors

Die jaar vlieg alweer met 'n dollevaart ten einde. Baie van ons sal dalk sê dis goed so. Hoe gouer ons by die feesgety kom hoe beter. Ons is moeg. Hierdie jaar was tot sover soos die vorige jare baie besig. Nog steeds is daar so baie om te doen.

Dis ook die geval met die Taakspan, Seniorbediening. Hierdie jaar het vinnig begin. Baie van ons mense was siek en ongesteld, en het deur diep waters gegaan. Party van ons herstel nog van verlede jaar se ongesteldhede, terwyl hulle vanjaar deur baie emosionele traumas gegaan het en dit nog probeer verwerk.

Dit is die doel by Kuierhoekie. Ons wil mekaar help met deernis, liefde en hoop. Ons help mekaar om by dit alles, te kan lag. Behalwe vakansietye kom ons elke Woensdag-oggend bymekaar. Ons sing gesels en bid saam. Daarna drink ons saam tee en koffie en eet lekkernye wat verskaf word deur diegene wat die betrokke week verjaar. Die afgelope weke het ons ook stilgestaan by die 40 dae projek en het ons die 9 sleutels behandel. Dit was baie sinvol en verrykend gewees.

Ons is baie dankbaar teenoor Brenda Barnard wat vir ons so behulpsaam was, en wat die seniorlidmate onder haar vlerk geneem het en bystaan. Sy het die Oase vir ons so mooi opgeknap. Ons was die eerste groep wat daar bymekaar gekom het en ons kon haar behoorlik bedank vir alles.

Ons het ook ons hartseer gehad. Vroeg aan die begin van die jaar is een van ons lede oorlede in die persoon van oom Johan Fourie. Kort na sy heengaan het Bets Hatting ons skielik ontval. Tant Lettie Theron van Huis Janri se eggenoot, oom Eugene is ook na 'n lang siekbed oorlede. Onlangs het ons van oom Willie Kritzinger afskeid geneem. Daar is van ons lede wat baie siek is. Baie van hulle kan nie meer ons byeenkomste bywoon nie. Ons harte en voorbidding is met hulle. Maar as ons die kans kry, dan sing ons en ons lag en ons is lief vir mekaar.

Ons wil tog ook melding maak van oom Lesley Davel, wat altyd so geduldig en gedienstig is. Hy woon nou in die AGS ouetehuis, en is nie meer so aktief saam met ons nie.

Ons is ook geseënd met nuwe lede. Dis so lekker om hulle by ons te hê. Van hulle het bygekom nadat hulle eggenote(s) na lang tydperk van siekte oorlede is.

Op Woensdag, 9 Oktober kom tree Jotie die Griekse Boertjie by ons op. Almal van julle is welkom om ook die konsert by te woon. Woensdag, 18 September het ons uitstapie, waar ons samkuier en saam eet.

Jy, ou maat wat so alleen daar by die huis sit, kom word deel van ons. Kyk vir ons tye op die kerkprogram. Of skakel Dirk van Zyl by 0840388993 of die kerkkantoor by 012 3313531

Dankie vir jou wat altyd met ons vriendelik en geduldig is. Sulke mense soos jy maak ons dag.

VAN ONS AAN JOU, WAT HIER LEES EN WAT VIR ONS LIEF IS.



*Krag vir die dag*

# Om Christus te volg

Om Christus te volg kan vergelyk word met 'n wedloop. Die besluit is maklik, maar tussen die besluit en die wenstreep lê daar baie beproewings.

Eers gaan dit goed - dan kom die eerste beproewing - jy moet hard oefen.

Dan kom die terugslae: seer spiere, blase op jou voete, ligamente wat pyn, en jy wonder, "Moet ek nie maar tou opgooi nie?"

Die wedloop is ook 'n eensame pad. Net jy en die Here is daar besig, maar deur volharding groei jou geloof.

Tydens die wedloop is daar baie waterpunte, soos selgroepe en geloofvriende, om jou aan te moedig. Ook is daar 'n reddingsvoertuig wat hom voordoen as hulp - 'n engel van die lig. Maar as jy inklim, is die wedloop verby. Jy kan nie meer die oorwinning behaal nie; jou kans is verby.

Net soos die skare langs die pad, is daar baie verlostes wat juig as iemand tot bekering kom, maar wat self niemand na Crhistus lei nie.

Soos die atleet wat nooit moet ophou hardloop kort voor die einde nie, moet die Christen wat die hemel in vooruitsig het, daarna strewe om die eind-streep te bereik.

Gebed:

"Here, gee ons die krag om die wedren van ons lewe voluit te leef totdat ons as oorwinaars ons eindadres bereik. Amen"

Annatjie Weilbach






## Behoefte aan Leiding

Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie; leef daarmee saam, maak dit 'n deel van jou lewe.

So sal jy guns verwerf en byval vind by God en mens.

Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie.

Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is;

dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam.

*Spreuke 3: 3 - 8*

c'nanru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemark om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015

